Gen. 2:3
" 46:15,16,17
" 50:4

## Die Opskrif bo die Kruis. L/ Ark. 12 Mrt. 1961.

Luk. 1:26–33, Joh. 19:17–24.

Joh. 19:19[vv.] En Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit op d. kruis gesit; en daar was geskrywe: Jesus, die Nasarener, die Koning v.d. Jode. ... en dit was geskrywe in Hebreeus en Grieks en Latyn.

Wie op Galgotha kom staan om Christus a.d. kruis te bekyk en hd. opskrif op hd. houtbordjie bo-aan d. kruis nie raaksien of daarby verbykyk, kyk verby die groot betekenis van Xtus se dood. wat Hy in sy sterwe kom bring aan al d. volkere v.d. wêreld. Want in dd. kinwondige woorde in 3 tale op dd. houtbord bokant Christus se hoof ontdek v sien ons alle die volkere v.d. wêreld – Dis 'n woord wat met gesag spreek tot elke godsdiens, tot elke staatsowerheid, tot elke kultuur deur al d. eeue.

Laat my verduidelik wat ek bedoel: hd. opskrif was bedoel as d. amptelike bekendmaking v.d. grond v.d. kruisiging se veroordeling. Daar kon elkeen lees waarom hy gekruisig is. Gewoonlik is van die veroordeelde verwag dat hy hd. plank om sy nek moes dra op pad na d. kruisplek. // Al 4 die Evangelies meld van hd. bepaalde opskrif maar net Joh. sê dat Pilatus dit laat skryf het. Die bewoording hier soos ook Pilatus se reaksie op d. Jode se protes (vs. 21 en 22) bewys ons baie duidelik dat Pilatus hier op 'n kleinlike manier wil wraak neem teenoor d. Jode omdat hy d. ondanks gedreig het by die verhoor. In hd. woorde kry hy nou d. geleentheid om die owerpriesters & Skrifgeleerdes & Joodse volk 'n heerlike steek tegee:

① Eerstens deur te wys na Jesus se eenvoudige herkoms – uit Nasareth. "Kan daar ...?" Vir d. Jode was dit 'n onmoontlikhd. 'n belediging om te dink dat hulle Messias ooit uit so 'n

treurige en armsalige en dorpie kon kom!

② Tweedens deur Hom d. eretitel te gee v.d. „Koning v.d. Jode" As Pilatus hd. wil laat skyn — lees hy — en d. Jode — daarin 'n aardse koningskap, 'n heerskappy oor 'n aardse nasie — 'n mense-Messias. Dit kon en sou Xtus nooit aanvaar nie, nr. wel die ware Koningskap soos Hy dit aan Pilatus in sy verhoor ook baie duidelik gestel het: „Ek is 'n Koning nr. nie soos julle dink nie!"

Die opskrif en die vorm waarin d. bewondering gestel is was dus uit en uit bedoel as bespotting! Nr. Sonder dat Pilatus dit besef of bedoel het, word dit onder godd. leiding so gestel dat dit die diepste waarheid oor Jesus bevat, dat in hd. groot uur v.d. klimaks van sy lewe, v.d. krisis v.d. geskiedenis a.d. wêreld hd. kennisgewing uitgestal word langs d. grootpad waar al d. mensemenigtes sou verbygaan (en dit mees sien) om duidelik uit te basuin: Ook as gekruisigde is Jesus d. Koning v.d. Jode! En die hele wêreld moet dit weet — daarom dat dit geskryf word in Hebreeus & Latyn en Grieks! So word Pilatus se spotwoord sonder sy wete 'n profetiese woord! So gebruik God hom om juis dit te sê wat hy allermins wou sê!

Hebreeus: Dit was d taal v.d. Bondsvolk, die volk van God — die „heilige" taal, die taal wat bestem was om die wêreld te vertel van die ewige liefde van God, van die Koms v.d. Messias! Dit was Xtus se moedertaal, die taal van sy volk: en in hd. taal staan daar geskrywe: „Jesus, die Nasarener ....", asof God aan die Jode wou sê: In julle eie taal staan julle veroordeel, word nie sy straf maar julle skuld aangekondig. Maar ek doen dit nie om julle te verdelg nie — ek doen dit om julle te red — om deur die eie julle te herinner — in julle eie taal — dat Jesus die Christus is, die ware Messias en dat die pad vir julle oop staan om na Hom te kom!"

Is dit nie ook 'n treffend dat die Hebreeuse (of Aramees) taalvorm wat dd. tyd gebruik is, heeltemal verdwyn het, 'n dooie boektaal geword het, vervang deur die moderne Yiddish asof God ook daar wou sê: 'n Taal wat weier om die Koningskap van Christus a.d. wêreld te verkondig word 'n dooie taal! Verloor sy lewenskrag!

Latyn: Dit was d taal v.d. owerheid, die staatsmag van Rome, die taal van Pilatus & die Caesers. Sonder dat Pilatus dit besef of bedoel profeteer hy deur hd. opskrif dat Xtus ook d. Koning is oor sy goddelose staatsmag, oor die antichristelike mag van dd. tyd. Nooit het Pilatus kon dink dat deur die woorde op dd. plankie bo die hoof v.d. Man m.d. doringkroon te plaas, hy daarmee gesê het: Ook hd. mag wat ek verteenwoordig sal moet buig voor hd. Kroon! Die swaard v.d. Caesars sal moet buig voor d Kroon v. Christus!

Nou weet ons dat Rome sy mag en heerskappy sou bewys deur hd. selfde Xtus in sy volgelinge die katakombes in te dryf, die brandstapels op te stuur, na eilande te verban — alles tevergeefs! Want God sou bewys dat die woord van Pilatus profeties waar sou word — dat Xtus Koning sou word: Koning oor Ooste en Weste, Koning oor magte en moondhede, Koning oor stelsels en ideologieë, Koning oor lande en leiers!

→ Ek weet hoe baie mense (ook Xtene) daaraan twyfel, veral as hulle kyk na alles wat rondom ons plaasvind: Waar is Xtus se Koningskap? Waar is d. tekens v.d. Koms van Gods Koninkryk?

Hd. opskrif is 'n profesie om elke Xten daaraan te herinner:

U sien die Koningskap nog nie nou nie – maar dit is reeds daar, dit het gekom en kom elke dag meer en meer: Christus Koning!

III Grieks: Grieks was d. destydse taal v.d. volk wat wêreldberoemd geword het deur sy kuns en kultuur, sy wysbegeerte en sy wetenskap, sy sport en sy spel: dit was d. land v. Homeros, van Socrates en d. Olimp. Spele! Ongekende hoogtes bereik. Mr. met loop v. tyd het dit geword 'n versondigde kultuur, 'n menslike wysheid wat geword het d. hoogste dwaasheid (1 Kor 1:18), 'n aanbidding van sport. Paulus se briewe a.d. gemeentes in Griekeland lewer d. oorvl. bewyse v. innerlike verrotting en van 'n beskawing wat besig was om ten gronde te gaan omdat sy kultuur haar van sy ~~g~~ morele ankers losgemaak het!

Vir hd. kultuur – en vir alle beskawings en alle kulture van alle tye sê Pilatus, die profeet: Xtus is ~~ook~~ Koning ook oor alle kuns en kultuur, alle menslike wysheid, alle wetenskap en tegniek, alle valse sportaanbidding! Skiet julle maar julle ruimtetuie op, onderneem julle ruimtereise, ~~vertroue~~ aanbid julle sporthelde in julle duisendtalle – Xtus is Koning! As mens Hom nie die eerste plek gee in al hd. dinge kan seker wees: hy sal nie bly staan!

→ Is Xtus so 'n Koning vir 'n?

Amen.